

VERLOËNINGSGEBEDE



ALGEMEEN

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is 'n produk deur Kanaän Bedieninge, 'n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- River of Life Family Church, Vanderbijlpark
Pastoor Edward Gibbens
(Kontak: Sharmain Joubert
Persoonlike Assistent vir Ps Edward en Dalene Gibbens)
River of Life Family Church
Vanderbijlpark
Suid-Afrika
Tel: +27 16 9823022
Faks: +27 16 9822566
E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van 'n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253

Panorama

7506

Kaapstad

Suid-Afrika

Tel.: (+27) (021) 930 7577

Faks: 086 681 9458

E-pos: kanaan@iafrica.com

Webblad: www.kanaanministries.org

John Vorsterrylaan 27

Plattekloof Uitbr. 1

Panorama 7500

Kaapstad

Suid-Afrika

Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9vm – 3nm.

Kanaan in Europa - Basel:

Larwin and Silvia Nickelson

Oikos International Church

Reinacherstrasse 3

CH-4142 Münchenstein

Basel, Switzerland

Sameroeper: Lydia Wenger

Kantoorure: Monday, Tuesday and Thursday from 8 – 12 .

Telefoon: +41(0)61 332 15 40

E-pos: kanaanministries@bete.net

Webblad: www.kanaanministries.org

Hierdie gebede is opgestel volgens persoonlike opinies en oortuigings. Hierdie opinies en oortuigings word verkry vanuit ons interpretasie van die Woord van God, die Bybel.

Daar word op geen manier gediskrimineer teen enige persone, kerke, instansies of politieke partye nie.


Ons vra dus dat u hierdie skrywe op dieselfde wyse hanteer, of u hiermee saamstem al dan nie.

RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN VERLOËNINGSGEBEDE

Die verloëning van okkultiese betrokkenheid is tweeledig:

1. BELYDENIS VAN BETROKKENHEID.

Met die **belydenis van betrokkenheid** word die gebed hardop geles, verkieslik met een of meer getuie/s, asook die berader/s. Die rede vir die hardop lees, is sodat die individu geen twyfel het dat die verloëning gedoen is nie. Dit is ook waarom ons aanbeveel dat daar 'n getuie/s is.



Jak. 5:16 *Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, ...*

Nadat hierdie deel afgelê is, is slegs die helfte van die verloëning voltooi. Die volgende deel is **baie** belangrik. Dit is waar die berader onmisbaar is.

2. OORLOGVOERING.

Die gebed moet nou deurgebid word in **oorlogvoering**. Alle woorde en sinsnedes wat in donker gedruk en **onderstreep** is, asook die betrokke magte van die duisternis en effekte van betrokkenheid, nl. siektes, armoede, rusie, ens. moet aangespreek word. Die magte word **bestraf, gebind, ontwortel uit die bloedlyn en beveel om 'n voetbank vir Jesus se voete te word.**



Ps. 110:1 *Sit aan my regterhand, tot Ek U vyande maak 'n voetbank vir U voete.*

Heb. 1:13; 10:13 *"13 En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? 10:13 en wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n voetbank van sy voete."*

Die individu moet ook losgesny word van die menslike wette en instellings van die betrokke organisasie/s en onder Christus se Wet kom. **Gal. 3:10**

INHOUD

AFDELING A: PERSOONLIK

1.	Verklaring van Vertroue in God se Beskerming	6
2.	Wenke in Bevryding	7
3.	Parameters gestel aan bose geeste voor Bevryding	11
4.	Afseëlings gebed (Voor Bevryding)	13
5.	Afrondingsgebed (Na Bevryding – Vir die Berader)	16
6.	Die Wortels van Rebelle	17
7.	Verloëningsgebed vir Misleiding op die gebied van die uitvoerende kunste en sport	19
8.	Gebed teen Algemene, Persoonlike en Familie-vloeke sowel as demoniese Verbonde	22
9.	Gebed teen Verbonde met betrekking tot ons Name	27
10.	Gebed vir Genesing van Herinneringe	29
11.	Gebed om Goddelose Sielsverbintnisse af te sny	32
12.	Gebed teen Territoriale geeste en sataniese Agente	34
13.	“Dangerous Prayers”	41
14.	Soutverbonde	46
15.	Die Bloed van Jesus	52

AFDELING B: KORPORATIEF

16.	Gebed teen die sataniese Altare (tempels) en Hoë Plekke in jou Stad/Omgewing	67
17.	Gebed teen die Watergeeste van jou Stad/Dorp – Marine Altare	69
18.	Gebed teen sataniese agente van jou Stad / Omgewing	71
19.	Possessing the Gates of your Church/ City/ Neighbourhood	74
20.	Gebed teen die sataniese poorte van jou Stad / Omgewing	77
21.	Verlossing en Vrymaking van Fisiese eiendomme	79
22.	Tien stappe om geestelike duisternis uit jou huis te verdryf	83

AFDELING A:

PERSOONLIK



1. VERKLARING VAN VERTROUW IN GOD SE BESKERMING

Geen wapen teen ons gesmee sal stand hou nie en elke tong wat teen ons opstaan in oordeel, veroordeel ons. Dit is ons erfdeel as diensknegte van die Here en ons geregtigheid is van U, O Here van die Leërskare. Diegene wat teen ons gepraat of gebid het, of probeer het om ons skade of boosheid aan te doen, of wat ons verwerp het, vergewe ons, en ons seën hulle in die Naam van die Here (**Mat. 5:43-45; Rom. 12:14**).

Nou verklaar ons, o Here, dat U alleen ons God is, en dat daar buiten U, geen ander is nie – 'n regverdige God en Redder, die Vader, die Seun en die Gees – en ons aanbid U!

Ons onderwerp onself opnuut aan U op hierdie dag in onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Nadat ons ons aan U onderwerp het, Here, doen ons soos U Woord voorskryf. Ons weerstaan die duiwel: al sy druk, aanvalle en misleidings, elke instrument of agent wat hy teen ons probeer gebruik. Ons onderwerp ons nie aan hom nie! Ons weerstaan hom, dryf hom van ons af weg en sluit hom uit van ons in die Naam van Jesus. Spesifiek verwerp en weerstaan ons enige siekte, pyn, infeksie, inflammasie, kwaadaardighede, allergieë, virusse en enige vorm van toordery.

Laastens Here, dank ons U dat deur die offer van Jesus aan die kruis, ons nou nie meer onder die vloek is nie, maar ingegaan het onder die seën van Abraham, wie U seën in alle dinge – verhoging, gesondheid, voortplanting, voorspoed, oorwinning en God se guns – **Gal. 3:13-14**.

AMEN.

2. WENKE IN BEVRYDING

Hoe die Bevrydings Werker kan begin:

1. Kort gesprekke wat handel oor die persoon redes hoekom hy vir bediening gekom het.
2. Algemene gebed en aanbidding – fokus op God en Sy goedheid, krag, ens.
3. Bind magte oor die gebied, verbreek opdragte tussen magte in die lug en demone in die persoon. Vra vir beskerming van engele (**Hebreërs 1:14**). (Sien Afseëlgebed).
4. Vra en ontvang in die geloof die gawes van die Gees wat benodig word vir die bediening.

Leierskap gedurende Bevrydingstyd

1. Wanneer té veel mense tegelykertyd geeste (verskillendes) beveel, veroorsaak dit verwarring vir almal, veral vir die persoon wie bedien word.
2. Leierskap sal dikwels ‘verskuif’ soos die Heilige Gees lei.
3. Manlike eggenote is dikwels meer effektief om geeste te beveel om hul vrouens te verlaat, met die ondersteuning van ander.

Taktiek in die Aanspreek van demone

1. Spreek die gees op die naam aan, en indien dit nie bekend is nie, spreek die **funksie** aan.
 - a. Die Heilige Gees sal dit gee, of;
 - b. Die demoon sal homself openbaar.
 - c. Moenie net eksklusief op enige metode staatmaak nie – wees oop vir die Heilige Gees op hierdie gebied.
2. Herinner hierdie geeste herhaaldelik dat jou outoriteit aan jou gegee is deur Jesus Christus, Hy Wie bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam is wat genoem word. (**Efesiërs 1:21**)
3. Herinner hulle aan hul lot in **Openbaring 20:10** en ander plekke in die Skrif soos (**Job 30:30-8**). Gebruik die stelling (“Die Here Jesus Christus weerstaan jou”) herhaaldelik as ‘n stormram.
4. Dit help om die demone daarin te teister om te erken dat Jesus Christus die Here oor hulle is.
5. Heerser demone kan dikwels lastig geval word vir meer inligting.

6. By tye sal jy die heersende demoon beveel om te gaan en dan die 'kleiner' demone onder hom – en as dit nie werk nie, draai die taktiek om.
7. Bind en skei die demone wat steurings veroorsaak soos God lei.
8. Dit is nie nodig om op demone te skreeu nie, aangesien die stryd nie in die vlees is nie, maar in die Gees.

Wat om te Verwag wanneer Bevryding ontvang word

Terwyl baie bevrydings duidelike fisiese manifestasies behels, reageer nie almal op hierdie manier nie. Sommige geeste gaan stil en geweldloos uit.

Jy mag dalk geen sterk fisiese reaksie beleef wanneer jy bevryding ontvang nie, moet dus nie teleurgesteld wees as dit nie gebeur nie. Wat jy *behoort* te verwag, is 'n loslating/vrylating. Jy weet daar is 'n *loslating* wanneer

1. Oppressiewe mag verdwyn;
2. Swaarheid lig;
3. Ongemaklikheid verdwyn;
4. Las of vrag lig;
5. Daar is 'n innerlike gevoel van vryheid, ligtheid en goddelike bevrediging of tevredenheid;
6. Die vreugde van die Here kom en jy is in staat om te juig;

Die *resultaat* van bevryding is geregtigheid, vrede en vreugde in die Heilige Gees (**Romeine 14:17**). Wanneer duiwels uitgewerp word, kom die Koninkryk van God (**Mattheus 12:28**).

Demoniese Manifestasies

Wanneer bose geeste uitgaan, kan jy gewoonlik een of ander manifestasie verwag deur die mond of neus. Hieronder is sommige van die meer algemene manifestasies:

1. Hoes
2. Kwyl
3. Vomeer
4. Spoeg
5. Skuim
6. Huil
7. Skreeu
8. Sug
9. Brul
10. Wind opbreek
11. Gaap
12. Asem uitblaas

Weereens, wanneer demone uitgewerp word, verlaat hulle normaalweg die persoon deur die mond of die neus. Geeste word geassosieër met asemhaling. Beide die Hebreeus en die Grieks het slegs een woord vir gees en asem. In die Grieks is daardie woord *pneuma*. Die Heilige Gees word ingeasem in (**Johannes 20:22**). Bose geeste word uitgeasem.

Soms sal mense skud of bewe wanneer hulle bevryding ontvang. Hul liggame, algeheel of gedeeltes daarvan, kan werklik skud of bewe.

Bevryding kan verhinder word deur:

1. Vloeke
2. Sonde
3. Hoogmoed
4. Passiwiteit
5. Ongoddelike Sielsbande
6. Okkulte
7. Vrees
8. Verleentheid
9. Ongeloof
10. Gebrek aan Begeerte
11. Onvergewensgesindheid
12. Gebrek aan Kennis

Alle demone het wettige, bybelse grondgebied. Hulle mag *nie* sommer net teister soos hulle wil nie. Indien demone wettige grondgebied besit, het hulle die reg om daar te bly. Hierdie wettige grondgebiede moet vernietig word ten einde bevryding te kan ontvang en te behou.

Hoe om Jou Bevryding te Behou

1. Lees daagliks God se Woord.
2. Soek 'n groep gelowiges wat die Woord volg, verkieslik 'n kerk, en kom gereeld met hulle saam vir aanbidding, studie en bediening.
3. Bid met jou verstand, asook in tale.
4. Plaas die Bloed van Jesus in gebed oor jousef en jou gesin.
5. Probeer so goed as wat jy kan vasstel watter geeste uit jou verdryf is. Maak 'n lys hiervan, want dit is hierdie areas wat satan sal probeer om weer terug te neem.

6. Die manier waarop demone weer toegang verkry, is deur lakse, ongedissiplineerde denke. Die verstand is die oorlogsveld. Jy moet volgens **2 Kor. 10:5** “planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus”. (Sien ook “Voortdurende Wandeling in Oorwinning is Moontlik”, verkrygbaar by Kanaan Bedieninge).
7. Bid vuriglik tot die Vader, en vra Hom om jou waaksaam, sober en wakker te maak vir verkeerde gedagtes (**1 Petrus 5:8,9**).
8. Die demone gee tekens dat hulle jou nader deur die feit dat die ou gedagtepatrone wat jy eens gehad het, nou sal probeer om weer terug te keer. So gou as wat dit gebeur, moet jy hulle onmiddellik weerstaan. Verklaar so gou as moontlik **verbaal** dat jy hulle weier.
9. Vra die Vader om die gevegs Engele van die Here uit te stuur om te veg teen die demone. (**Hebreërs 1:14; Matteus 18:18**). Profeteer teen die demone met die Woord van die Here: **vernietiging, verbranding en oordeel (Jesaja 4:4)**.

3. PARAMETERS GESTEL AAN BOSE GEESTE VOOR BEVRYDING

Hiermee beveel ek alle demoniese geeste teenwoordig dat julle die volgende opdragte wat ek julle gee in die Naam en Outoriteit van die Ware Here Jesus Christus van Nasaret sal gehoorsaam.

- Julle sal nie op enige manier manifesteer buite wat die Here Jesus Christus julle toelaat nie.
- Julle sal nie manifesteer in enige ander vorm of gestalte wat anders is as julle eie nie.
- Julle sal nie fisies manifesteer deur hierdie persoon se liggaam op enige manier nie, ook sal julle nie enige fisiese pyn bring nie.
- Julle sal nie hierdie bedienings-proses verhinder op enige manier nie, ook nie duisternis of verwarring bring nie.
- Julle sal nie met enige ander dele (innerlike persone) praat nie, en ook sal julle nie enige dele weerhou daarvan om die ware Here Jesus te sien of te hoor nie.
- Julle sal nie herinneringe versteek nie, ook sal julle nie die vloei van herinneringe op enige manier verhinder nie.
- Julle sal nie met my praat behalwe as ek julle beveel nie, of behalwe as die Here Jesus julle aansê om met my te praat.
- Wanneer julle met my praat, sal julle slegs sê wat die Here Jesus julle gee om te sê – niks meer, niks minder, en julle sal met respek met my praat.
- Julle sal my geen vrae vra nie.
- Julle sal nie lasterlik praat of lieg nie, maar altyd die waarheid praat.
- Julle sal nie in die vorm van Jesus manifesteer nie, ook nie soos Hy praat nie.

Hierdie bevel sal van krag bly vanaf hierdie dag en dié wat volg. Indien enigeen van julle kies om een van hierdie opdragte te ignoreer, sal julle **gewilliglik** kies om die outoriteit van die Ware Here Jesus Christus te tart, en Hy sal met julle afreken.

- **Moenie demone gebruik om te probeer insig kry in geestelike sake nie.** Om in lang gesprekke met demone te beland, is gevaarlike gebied en kan traumaties wees vir die kliënt. Die demone self wil dikwels hê dat jy in gesprek met hulle gaan, omdat hulle meesters in misleiding, intimidasie en manipulاسie is.
- **Fokus slegs op die demoniese indien hulle tot so 'n mate inmeng dat jy nie effektief kan voortgaan met die bediening nie, andersins, ignoreer hulle en fokus op die genesings-bediening.** Wanneer demone voortgaan om in te meng en jou daarvan weerhou om tot by die herinneringe van die wortels te vorder, vra dan die Here Jesus om vir hulle te vertel wat om te doen en waar om te gaan, bv., *“Here Jesus, sal U asseblief aan hierdie demone sê wat om te doen en waarheen om te gaan. Indien manifestasies voortgaan, beveel ek elke demoon wat hierdie opdragte verontagsaam het, om nou saamgegroepeer te word as een. Almal van julle sal nou uitkom sonder manifestasie en julle sal gaan waarheen Jesus julle stuur.”*

- Indien manifestasies steeds voortduur, is dit óf 'n ander demoon of groep demone, of dit is moontlik nie demonies nie. Dit kan 'n dissosiatiewe deel van die persoon wees. Demone kan slegs uitgestuur word indien die kliënt in ooreenstemming is, veral die kliënt se onderbewussyn. Vra die kliënt se toestemming.
- Demone kan liggaamlike pyn toedien. Hoofpyne is baie algemeen. Dikwels is hierdie liggaamlike pyn geheue-gebaseer, d.i. a.g.v. die fisiese pyn wat aan die persoon toegedien is in 'n vorige traumatiese gebeurtenis.
- Demone kan herinneringe of stukke van herinneringe weerhou/versteek. Hulle kan nie hierdie stukke herinneringe saam met hulle neem wanneer hulle uitgewerp word nie.
- Moet nooit 'n demoon se vrae antwoord nie, moet ook nie in 'n gesprek betrokke raak rondom 'n demoon se aanmerkings of verklarings nie. Demone moet slegs toegelaat word om te praat indien Jesus Christus hulle aansê om iets aan jou te openbaar. Onthou altyd dat demone nie die bron van die kliënt se probleme is nie. Ons fokus is daarop gerig om by die wortel-herinneringe se gebeure te kom, en nie om demone uit te werp nie. Maar, in jou soeke om by hierdie wortel- herinneringe te kom, sal jy moontlik moet afreken met die demoniese.
- Demone is slawe van Christus.
- Demone sal op verskillende maniere manifesteer.
- Demone kan ook oop deure hê deur ouers se sonde, vloeke, bloedbande en sielsbande.
- Praat altyd sag en hoflik met demone, omdat jy dalk mag besig wees met 'n dissosiatiewe deel (innerlike persoon). Demone reageer op die outoriteit van Jesus Christus, nie op jou eie charisma of aggressie nie.

4. AFSEËLINGS GEBED (Voor Bevryding)

Hemelse Vader, ons kom na U in die Naam van Jesus Christus van Nasaret. Ons dank U dat U God Almagtig is, en ook die Groot **EK IS**.

Ons dank U dat U aan ons die Heilige Gees gegee het as Berader, Helper, Advokaat, Leermeester en Verlosser.

Ons dank U vir U teenwoordigheid en U bevrydings-salwing. Dit sal die salwing wees wat die juk verbreek.

Kom en vul ons met U Gees, medelye, liefde, onderskeiding, woord van kennis, wysheid, vertolking en insig.

Ons as U kinders, kies om die vlees te kruisig sodat niks van onself hier oorgedra word nie. Ons bekleed onself met U priesterlike klere om die roeping wat U op ons lewens het, te vervul. Maak asseblief ons geestelike oë en ore oop, Here.

Dankie Vader, dat U aan ons al die mag oor die vyand gegee het, en dat niks ons kan skade aandoen nie. (**Lukas 10:19**).

Ons verbied enige inmenging met die werk van die Heilige Gees, in Jesus Naam.

Vader, ons kom te staan teen enige kommunikasie-lyne (volgens **Efesiërs 6:12**) tussen die magte, wêreldheersers, owerhede, geestelike magte en demoniese magte in die lug, op die aarde, in die hemelse sferes en onder die aarde. Ons maak alle in- en uitgange toe, in die Naam van Jesus Christus. Ons vra dat alle geestelike kameras en opnemers vernietig sal word in Jesus Naam. Ons kom te staan teen enige hekse, toordokters, towenaars en goëlaars in die Naam van Jesus Christus. Ons sny alle kommunikasie met satan self en maak die deure toe in die Naam van Jesus.

Ons verbied enige gees van buite om hierdie plek binne te kom vir watter rede ookal, en ons verbied enige bose gees om na enige ander plek of persoon gestuur te word as gevolg van wat hier gebeur.

Ons verbied nou enige versterkings komende van satan, in die Naam van Jesus Christus. Here, ons vra dat U verwarring sal skep in die vyand se kamp.

Vader, ons vra U om U oorlogs Engele op te stel in hierdie vertrek en enige mensgees, gestorwe mensgees, geestesleier, of familiêre gees te arresteer en hulle te verwyder tot onder die voetbank van Jesus Christus ons Here.

Ons bind elke bose gees in hierdie plek en verbied enige geweld, manifestasies en pynigings, in die Naam van Jesus Christus. Ons weier enige meditasie-sirkels, en isoleer enige mag van demoniese kragte van mekaar, in die Naam van Jesus Christus.

Ons verbied en bind enige hipnose en self-hipnose, meditasie en psigiese kragte, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret. Ons isoleer die magte van mekaar, in Jesus Naam.

Ons reinig die 4 elemente, water, aarde, lug en vuur, met die Bloed van Jesus. Ons vra U, Here, om alle spieëls te bedek met U Bloed en alle toegange af te seël in Jesus Naam.

Ons kom te staan teen enige vloeke, rituele, oproepinge, towerspreuke, offerandes of altare wat teen ons en die persoon opgerig staan, in Jesus Naam.

Dankie dat U nou alle kerse uitblaas wat teen ons aangesteek is in rituele, in Jesus Naam. Dankie dat U alle vloeke omdraai in seëninge.

Here, ons vra dat U hierdie vertrek afseël met U kosbare Bloed, en dat U ons sal wegsteek in die Gees en verklaar hierdie vertrek as Heilige Grond.

Here, ons vra dat U dienende Engele sal stuur om ons te bedien in Jesus Naam, volgens **Hebreërs 1:14**.

Ons gee oor aan U, Heilige Gees van God, omdat ons weet dat dit nie deur krag of geweld hoef te wees nie, maar deur die Gees, sê die Here (**Sagaria 4:6**).

Ons vra dat U ons geliefdes bedek en plaas alle omstandighede onder U beheer en beskerming (ons finansies, huwelike, verhoudings, bedieninge). Ons bind nou satan se koninkryk hier op aarde, net soos dit gebind is in die Hemel.

Ons vra U, Vader, om die hemelse hofsaal voor te berei en dat al die demone en familiêre geeste sal kom en hul plekke inneem.

Ons vra U, Vader, om die Regter te wees, Jesus die Advokaat en die Heilige Gees die Getuie.

Dankie vir U Woord in **Openbaring 12:11** wat sê dat ons die vyand oorwin het deur die Bloed van die Lam en die Woord van ons getuienis.

In Jesus Naam,

AMEN.

5. AFRONDING NA BEVRYDING (Vir die Berader)

Hemelse Vader,

Dankie vir die werk wat vandag hier gedoen is. Ons bid teen enige voorslag, terugslag of oordeel van die vyand, in Jesus Naam.

Ons vra U, Here, dat U enige ongoddelike sielsbande sal sny wat gevorm is a.g.v. hierdie bevryding wat plaasgevind het, ook enige oordraging wat plaasgevind het tussen hul gees, siel en liggaam na my gees, siel en liggaam. Ons plant die Kruis van Jesus Christus tussen myself en die kliënt. Ons dank U dat geen oordraging sal plaasvind nie. Ons neem nou omvattende versekering uit vir ons gesinne, verhoudings en besittings.

Ons vra dat U hierdie eiendom en hierdie vertrek sal reinig en skoonmaak met die Bloed van Jesus Christus van Nasaret en U Heilige Vuur, sodat geen demoon homself kan koppel aan enige voorwerp nie, en dat alle mensgeeste en gestorwe mensgeeste verwyder word deur U Geleide Engele na die voetbank van Jesus Christus. Ek vra dat alle besoedeling verwyder sal word en weggevee sal word met U Besem van vernietiging in Jesus Naam.

Vader, ons vra dat U daardie waghond- en merker demone wat aangestel is deur die koninkryk van duisternis om die eiendom te merk in die gees vir 'n teenaanval deur astrale projeksie, sal verwyder tot onder die voete van Jesus Christus.

Ons wil ook die Heerskappy van Jesus Christus van Nasaret verklaar oor hierdie plek en dat alle openinge afgeseël sal word met U Bloed.
(*Openinge is soos: Telefoon, faks, rekenaar, water, riolering, elektrisiteit.*)

AMEN!

Let wel: Onthou om voor die Here te gaan en jouself te stort met die Water van die Woord en in lofprysing en aanbidding te gaan en jouself weer te vul.

6. DIE WORTELS VAN REBELLIE VERLOËNINGSGEBED

In die Naam van die Here Jesus Christus kom bely ek alle **voorgeslagtelike afgodery**.

Ek bely alle **persoonlike** en **voorgeslagtelike rebellie**, **hardkoppigheid** en **on gehoorsaamheid** wat bygedra het tot **heksery** in my lewe en in my familie bloedlyn.

Ek bely alle **afguns** en **jaloesie** van die **verstand, fisiese liggame** en **persoonlikhede** van ander.

Ek bely enige **aanbidding van myself** en enige behoefte aan **persoonlike erkenning**.

Ek bely alle **afguns** en **jaloesie** van die **geestelike gawes** en vermoëns van ander.

Ek bely vir myself en vir diegene in my familie bloedlyn wie nie die **poorte van die geestelike** en **fisieke sintuie bewaak** het nie.

Ek bely dat ek **my wil gekies het** bo die wil van die Here.

Ek kies om niemand iets skuldig te wees nie, behalwe om ander lief te hê. (**Rom. 13:8**)

Ek kies om die werke van duisternis af te lê en die wapenrusting van Lig, Jesus Christus, aan te trek, en **geen voorsiening** te maak vir die **vlees** om sy wellus te bevredig nie.

Ek kies om te wandel volgens die **genade** en **salwing** wat God aan my gegee het.

Ek kies om in **eenheid** met my broers en susters te wandel in die Here.

Ek kies om Christus te volg en 'n lewe van liefde te leef terwyl ek ander bo myself stel. Ek kies om my persoonlike regte te onderwerp en op te gee sodat ek die Here heelhartig kan dien.

Ek kies om toegewy te leef aan ander in broederlike/susterlike liefde en om ander bo myself te eer.

Ek sal nooit kortkom in ywer nie, maar sal my geestelike ywer behou in diens van die Here. Ek sal vreugdevol wees in my hoop, geduldig in teistering, getrou in gebed. **Ek sal met God se kinders deel** wanneer hulle 'n behoefte het. **Ek sal gasvryheid beoefen.** Ek sal diegene seën wie my vervolg. **Ek sal juig** saam met diegene wat juig en **rou** saam met diegene wat rou. Ek sal in **harmonie** leef saam met ander gelowiges. Ek sal nie hoogmoedig wees nie, maar ek wil assosieër met mense in 'n laer posisie. Ek sal nie verwaande wees nie. Ek sal nie kwaad met kwaad vergeld nie. Ek sal eerbied betoon vir die goeie dinge vir almal om te aanskou. Ek sal in vrede lewe met almal. Ek sal nie wraak neem op ander nie.

Here, sal U nou **alle ongoddelike geestelike wesens en toestelle** van my verwyder wat bekragtig is deur my afgodery, rebellie en jaloesie, asook die **afgodery, rebellie** en **jaloesie** van my **voorgeslagte**.

Here, sal U my nou **diskonnekteer** van enige **bose netwerk** en ek verbreek alle ongoddelike bande tussen myself en die woonplek van die vyand.

Here, sal U asseblief die **boom van die kennis** van **goed en kwaad** verwyder uit my familie bloedlyn.

Here, sal U asseblief die **bande van dood** wat my verstrik, die **stortvloede van vernietiging** wat my wil oorweldig, die **bande van Sheol** wat rondom my gedraai is en die **strikke van dood** wat my konfronteer verbreek.

Here, ek neem nou enige **Goddelike salwing, energie, outoriteit, finansies** en **gesondheid** wat weggegee en verdraai is a.g.v. my sonde en my voorgeslagte se sonde, terug.

Here, plaas my as 'n seël op U hart en as 'n seël op U arm, want U liefde is sterker as die dood.

Ek verklaar dat die Here Jesus Christus die Hoof is en Heerser oor alles.

[Gebed gebaseer op: **Eseg. 8:1-6; Rom. 12:3; 1 Sam. 15:23; Deut. 4:15-20; Efes. 4:12-13; Joh. 17; Rom. 12:10-19; Rom. 13; Gen. 2; Ps. 18; Efes. 1:22; Hoogl. 8:6.**]

7. VERLOËNINGSGEBED VIR MISLEIDING OP DIE GEBIED VAN DIE UITVOERENDE KUNSTE EN SPORT

Here Jesus, ek glo U is die Seun van God en die Enigste Weg na God; U het vir my sondes aan die kruis gesterf en weer uit die dood opgestaan.

Ek bely en verwerp nou my sonde en beroep my op U genade en vergifnis. Ek glo dat U my nou vergewe en skoon was deur U Bloed. Ek verklaar dat ek alleen vir U wil lewe, U stem wil hoor en U wil gehoorsaam.

Hemelse Vader, ek kom na U in die Naam van Jesus Christus en vra dat U my nou sal vergewe en skoon was van my goddelose betrokkenheid by die Uitvoerende Kunste en Sport (waar dit vir my 'n afgod geword het).

Ek vra dat U my bloedlyn sal reinig van enige invloed van Satan wat in die vorm van 'n obsessie ten opsigte van die Uitvoerende Kunste of Sport aan my oorgedra is.

Namens my voorgeslagte kom ek na U en vra vergifnis vir enige ooreenkomste of verbonde wat wat aangegaan is om sukses ten opsigte van die Uitvoerende Kunste of Sport te verseker. Op grond van die kosbare Bloed van Jesus sny ek my nou los van hierdie onheilige bloedlyne. In die Naam van Jesus verwerp ek enige eer wat Satan uit my optredes ontvang het en verloën ek my eie soeke na eer.

Ek bely dat my deelname/mededinging gegrond was op 'n goddelose ambisie en behoefte aan erkenning van die wêreld.

Ek verloën en verwerp enige gawe wat ek deur die Koninkryk van Satan ontvang het.

In die Naam van Jesus en op grond van Sy kosbare Bloed sny ek my los van enige goddelose tegnieke of praktyke wat gegrond is op valse filosofieë en/of godsdienste, bv. joga-asemhalingstegnieke, kreatiewe meditasie, steroïde, of enige ander goddelose metode, in my strewe na prestasie en erkenning.

Ek verloën:

- i) **Apollo** as die god van lig, musiek en die rede, beskermheer van die kunste en alle rasionele kreatiwiteit.
- ii) **Dionysus** as god van alle irrasionele kreatiwiteit en orgiastiese dans.
- iii) **Mnemosyne**, godin van die geheue, op wie ek my onwetend beroep het.
- iv) **Die moeder** van die **nege Muses**.
- v) Die **nege Muses**, nl.:

Erato, Muse van die Liriese Digkuns;
Euterpe, Muse van die Musiek;
Thalia, Muse van die Blyspel;
Melpomene, Muse van die Tragedie;
Terpsichore, Muse van die Dans;
Urania, Muse van die Sterrekunde;
Clio, Muse van die Geskiedenis;
Polyhymnia, Muse van die Lofsang;
Calliope, Muse van die Epos (Heroïse digkuns).

Ek verloën en verwerp enige **gawes** wat ek van hulle ontvang het.

Vader, in die Naam van Jesus sny ek my los van:

enige **woorde** wat ek **gespreek, gesing of verklaar** het.

Ek verloën ook enige **optrede** of **aksies** waardeur ek U Naam tot **skande** maak en aan Satan eer gegee het, bv;

deur **liggaamstaal**,

gesigsuitdrukking

dansbewegings wat eie is aan **afgods aanbidding**,

enige **onkuise en verleidelike** aksies wat U nie tot eer strek nie.

Ek vra dat u my sal reinig van enige gees wat ek deur hande-oplegging van my **leermeester** ontvang, of aan ander oorgedra het.

U Woord verklaar dat Satan geskep is as 'n **musiekinstrument** (**Es. 28:13**) wat die Troon van God moes beskerm, maar dat alles waaroor hy geheers het, deur hom besoedel en verwring is. Ek verwerp en verloën enige eer wat ek aan Satan gegee het deur my betrokkenheid by of onheilige verbintenis met enige bese musiekinstrument of musiek waardeur Satan verheerlik word.

Vader, ek vra dat u my die onderskeidingsvermoë sal gee om verantwoordelik te kan kies sodat ek sal besef aan wie ek die eer gee: aan U of aan Satan.

Beklee my asseblief met **nederigheid** en **bereidheid** in die plek van **trots**; met gehoorsaamheid aan U, aan Jesus en die Heilige Gees in die plek van rebellie; met vergewensgesindheid teenoor myself en andere in die plek van bitterheid; met kindskap in Jesus Christus in die plek van verwerping.

Vader, ek staan voor u en vra dat U my sal beklee met die gawes wat U vir my voorbestem het selfs voor die grondlegging van die aarde, wat U vir my uitgekies en geskep het sodat U deur my verheerlik kan word.

Jesus, aangesien U Bloed gevloei het om elke juk van slawerny te verbreek en U in my plek 'n vloek geword het om elke vloek teen my tot niet te maak, vra ek U nou om elke vloek wat ek of ander oor myself uitgespreek het, tot niet te maak en my vry te maak van die juk van Satan. Ek neem nou uit eie keuse U juk op, want U - Jesus Christus, my Saligmaker - is genadig; U juk is sag en U las is lig.

Op grond van die genade van my Hemelse Vader en die Bloed van Jesus verklaar ek dat ek 'n burger van die Koninkryk van God is en verklaar ek 'n **egskeiding** met die koninkryk van Satan en enige verbintnisse wat ek opsetlik of uit onkunde met hom aangegaan het.

AMEN.

8. GEBED TEEN ALGEMENE, PERSOONLIKE EN FAMILIE-VLOEKE SOWEL AS DEMONIESE VERBONDE

Skrifte om op te staan: Jesaja 28:14-19; Jesaja 10:28; Numeri 23:23; Mattheus 15:13; Galasiërs 3:13; Hebreërs 8:7-13.

Let asb op: Wanneer ons die woord “ons” in ons gebede gebruik, verwys dit na myself, ander saam met my en die hele Hemel in ooreenstemming!

Vader, ek kom voor U in die Naam van Jesus en ek vra U om my te help om met my familie-vloeke en demoniese verbonde af te reken. Dankie vir die Bloed van Jesus wat die finale Woord in my lewe het en dat U my die mag en outoriteit gee oor al die werke van duisternis.

In die Naam van Jesus, verbreek ek die **demoniese seëls** oor my lewe en bind en bestraf die **verseëlings-demone** wat al die demoniese verbonde in plek gehou het oor my lewe en die lewens van my geliefdes. Ek vra U, Vader, om U oorlogs-engele opdrag te gee om elke bose gees te verwyder en hulle onder die Voete van Jesus te plaas volgens **Psalm 110:1**.

Ek verloën, verwerp en verbreek elke **bose verbond** op my lewe, in die Naam van Jesus.

Ek verwerp en maak myself los van **elke bose vloek** in die Naam van Jesus.

Ons verbreek **elke verbond** tussen my en enige bose gees, in die Almagtige Naam van Jesus.

Alle kontrakte gesluit deur my ouers namens my met enige **bose bemiddelaar**, word nou nietig verklaar en gekanselleer, in die Almagtige Naam van Jesus. Ek is nou 'n kind van God. Ek distansieër en sny myself los van sulke verbonde en kontrakte, in die Naam van Jesus.

Ek wend die Bloed van Jesus aan op enige **bose verbond en vloek** op my lewe. Laat hierdie Bloed van die Ewigdurende Verbond enige **bloedverbond met die dooies en lewendes** vernietig, in die Almagtige Naam van Jesus.

In die Naam van Jesus, verklaar ek nietig elke **belydenis, ooreenkoms, belofte of eed** wat ek gemaak het met die duiwel of enige bose gees in die verlede – verbaal of geskrewe.

Ek herroep alle vloeke **uitgespreek deur bose mense** oor my lewe, in die Naam van Jesus.

Ek verbreek en kanselleer elke **bose merk en insnyding op my liggaam** a.g.v. 'n verbond met 'n bose gees, in die Almagtige Naam van Jesus.

Ek beveel alle bose geeste in my lewe, geassosieër met **enige vloek of verbond**, om my nou dadelik te verlaat, in Jesus Naam!

Met die outoriteit van Jesus, my Here, en Sy Naam, verklaar ons nietig **elke vloek** wat van die volgende gekom het, in:

In die Naam van Jesus vernietig ons **elke altaar** wat ooit opgerig is op enige plek om enige vorm van **verbonde of vloeke** te **diens** komende van:

- i. Bose **toewyding voor bevrugting**, of terwyl **in die baarmoeder was en/of tydens'n seremonie waar my naam ontvang is**;
- ii. Hantering van **vervloekte voorwerpe**;
- iii. Kontak met **sataniese agente**;
- iv. Lewe in 'n **vervloekte huis of land**;
- v. **Gebore** op/in 'n sataniese altaar/tempel;
- vi. **Drink van bloed of onheilige water**;
- vii. Ontvang **vreemde geld of vervloekte geskenke**;
- viii. Betrokkenheid in 'n **demoniese ritueel**;
- ix. Betrokkenheid in **towery** en ander **voorvaderlike sondes**;
- x. Deelname aan dorps-, kamp- en woonbuurte se **sataniese aanbiddingsfeeste**.

Ek beveel alle bose geeste geassosieër met enige vloek om my nou te verlaat, in Jesus Naam. Ons neem outoriteit oor vloeke van **bose toewyding, hantering van vervloekte voorwerpe, kontak met sataniese agente, lewe in 'n vervloekte huis of land, gebore in/op 'n sataniese altaar, drink van bloed of onheilige water, vreemde geld of vervloekte geskenke, deelname aan kos en bloedoffers aan afgode en uitvoering van demoniese rituele, voorvaderlike sondes, towery, vloeke en geestelike onkunde**. Ek beveel dat al hierdie vloeke onmiddellik verbreek word in Jesus Naam. Ek spreek **onenigheid** tussen al die **priesters** by daardie altare van teistering, in die Naam van Jesus.

Al julle oeroue poorte en ewigdurende deure wat toe is oor my lewe, lig jul nou op sodat ek my Godgegewe **erfenis** kan betree, in die Almagtige Naam van Jesus.

Here, in U Naam en deur geloof in U Woord, betree ek nou my **erfenis en neem besit** van my besittings.

Ek vernietig elke **bose verbond en inisiasie** deur my gemaak deur **drome**, in die Naam van Jesus.

Elke ooreenkoms bereik met die sogenaamde **geestes-eggenoot en geestelike vrou** in my drome, word nietig verklaar, in die Naam van Jesus. (Incubus, Succubus)

Ek breek my nou los van elke **persoonlike en kollektiewe vloek en verbond**, in Jesus Naam.

Ek herroep en vernietig **elke bloed- en sielsband verbond** wat vasgemaak is aan **enige sataniese agent**, met die Bloed van Jesus, in die Naam van Jesus.

Ek kanselleer elke **fundamentele verbond** wat my lewe beïnvloed of enige **nuwe verbond, eed, sameswering en verpligting** wat vir my of deur my aangegaan is, bewustelik of onbewustelik, in die Almagtige Naam van Jesus Christus.

Ek bevry myself van enige **kollektiewe gevangeskap** van familie, gemeenskap en woonbuurt, in die Naam van die Here Jesus Christus.

Ek ontvang 'n skoon breuk en bevryding van **alle jukke en laste**, anders as dié van Jesus Christus.

Ek dompel myself, liggaam, siel en gees in die kosbare Bloed van die Here Jesus Christus.

Ek bevry myself in die Naam van Jesus van die sonde en vloeke van **vaderskant en moederskant** terug tot en met **tien geslagte** aan beide kante in die Almagtige Naam van Jesus.

Vader, stuur nou U vuur, donder en weerlig om alle **sataniese materiale** wat in enige deel van my liggaam gedeponeer is, te vernietig en te verbrand tot as, in die Naam van Jesus!

Ek kanselleer deur die Bloed van Jesus Christus, alle **handgeskrewes en instellings** geskryf en teen my gekant.

Ons beveel dat die donder en weerlig van God sal **slaan om alle verbondstekens** gemaak namens my, te **ontwortel en te vernietig**, waar hulle ookal **begrawe, ingedompel of opgehang** is, in die Naam van Jesus Christus.

Ek bind en werp uit my uit, die geeste van: **mislukking, slawerny, neerlaag, depressie, stagnasie, teistering, dood, vertraagde seën, beperkinge, verwarring, frustrasie, verwerping, vrees en twyfel** – in Jesus Naam.

Ek is 'n individuele, enkel persoon, ek is nie 'n **tweeling of drieling** nie, en dus onteien ek **enige vorm of duplikaat** wat my verteenwoordig. Ek verwerp en sny myself los van enige verteenwoordiging van myself wat hulle van my kon maak, in Jesus Naam. Ek beveel die donder en weerlig van God om alle vorme van **beelde, afbeeldings, simbole, prente/foto's en beeldjies** wat my persoon verteenwoordig by enige **afgodstempel of altaar**, in stukke te breek en tot as te verbrand, in die Almagtige Naam van Jesus.


Ek draai alle sataniese pyle van mislukking-op-die-rand-van-sukses en deurbraak nou om, in Jesus Naam en verander alle vloeke in seëninge.

Ek sny af alle **geestelike naelstringe** waardeur boosheid in my lewe kon invloei, in die Naam van die Here Jesus Christus.

Vader, ek dank U dat U my in oorwinning stel bo al my vyande. Van nou af sal **geen wapen wat teen my gevorm word a.g.v. vorige verbonde en vloeke, slaag** nie, in die Naam van Jesus. My voordeel in die Koninkryk van Jesus Christus sal aan almal sigbaar wees, in Jesus Naam.

AMEN.

[Sien Altare en Verbonde, beskikbaar van Kanaan Bedieninge.]



9. GEBED TEEN VERBONDE MET BETREKKING TOT ONS NAME

NAME is baie betekenisvol. Die name wat ons dra, of dit nou name is wat aan ons gegee is, of ons familie-name, kan ons lewens positief of negatief beïnvloed.

Jou naam is jou **sosiale en geestelike identiteit**. Elke naam dra 'n **positiewe of 'n negatiewe salwing**. Die salwing op jou naam word gesnel elke keer as jy op daardie naam genoem word. Jou naam het baie betekenis wat betref die bepaling van jou **eindbestemming**. Name wat satan, gode, afgode en tradisie verheerlik, is 'n gruwel voor God en bring Sy toorn oor die draer daarvan.

Mense gee name volgens hul **oortuiging**. Name is 'n uitdrukking van ons **geloof**. Wanneer iemand na die Here vernoem word, is dit soos om 'n **stempel van God** op daardie kind te plaas. Net so, wanneer ons name ontvang wat geassosieër word met die familie- of gemeenskaps afgode, is ons verbind aan die geeste van hierdie afgode, en geen bese gees het 'n goeie plan vir sy klandisie of hul nageslagte nie.

Vriend, vind uit wat beteken jou name. Ons sou aanbeveel dat jy onmiddellik enige naam verander wat 'n afgod of die duiwel verheerlik. Verloën die geeste agter daardie naam, en herroep alle demoniese verbonde verbind aan hierdie name.

Gebeds strategie:

- Vind die betekenis van daardie name uit en hoekom die name gegee is.
- Salf jou **voorkop en naeltjie** wanneer die mag agter jou vorige name verbreek word. (naeltjie is die toegangspoort in die gees vir geslagtelike/bloedlyn demone).

<p><i>Skrifte om te Bestudeer vir die Gebede:</i> Eksodus 23:13; Deuteronomium 7:25-26; 1 Kronieke 4:9-10; Genesis 17:5-6; 32:24-30; Psalm 16:4; Josua 23:7; Jesaja 62:2</p>

My Almagtige God, ek dank U omdat U my U kind gemaak het. Ek is vernoem na U. Here, ek bely voor U my langtermyn onkunde oor die gevolge van die naam wat ek dra.

Vader, vergewe my dat ek U indirek vertoorn het deur afgodsname te dra.

Ek bely en erken dat U my Maker, Geneser en Seëning, Beskermer, Bevryder, Voorsiener, Verdediger, Verlosser en Versterker is. Geen afgod of god kan al hierdie dinge vir my doen nie. Slegs U.

Op hierdie oomblik dompel ek myself en my eindbestemming in die Bloed van Jesus om gereinig te word van elke **afgods-besoedelings en vuilheid** wat op my gekom het a.g.v. my naam/name. My lewe en eindbestemming ontvang nou 'n algehele reiniging in Jesus Naam.

In die Naam van Jesus verbreek ek alle demoniese seëls wat oor my naam geplaas is en ek bind en bestraf die **verseëlingsdemone** wat aangestel is om alle demonise strukture in plek te hou. Ek verloën nou al die afgodsname wat gekoppel is aan my en my familie. Ek verloën al die afgode wat gekoppel is aan hierdie name.

Ek kansleer nou alle bloedlyn verbonde in die geesdemensie wat gekoppel is aan die naam _____ (noem die naam).

Ek het geen onderhandeling meer met jou gees van _____ (noem die afgod). Alle bose geeste wat agter hierdie naam skuil, beveel ek nou om uit my lewe uit te gaan in die Naam van Jesus.

Ek weier om langer onder jou beheer en invloed te wees. Ek plaas jou onder die voete van Jesus Christus volgens **Ps.110: 1**. Soos ons die mag van hierdie bose name kragteloos stel, neem ek nou 'n nuwe naam (noem dit en profeteer oor dit).

My naam is gekoppel aan God, aan sukses en voorspoed in die Here se Koninkryk en dit sal altyd goed gaan met my in die Naam van Jesus (**Ps.23: 6**).

Ons vra, Here dat die Vuur van die Heilige Gees elke seël, stempel of etiket van boosheid wat aan my vorige naam verbind was en wat my merk in die geestesrealm dit sal verbrand in Jesus Naam. Ek ontvang nou die Seël van die Heilige Gees op my lewe in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

AMEN!

[Sien Altare en Verbonde, beskikbaar by Kanaan Bedieninge.]

10. GEBED VIR GENESING VAN HERINNERINGE

(Maak hierdie jou **persoonlike** gebed)

Vader, ek dank U vir U Seun Jesus wat aan die kruis gesterf het, nie alleen vir my sonde nie, maar ook vir my hartseer (kneusplekke) en vrese. Ek dank U dat Jesus dieselfde is, gister, vandag en vir ewig, en dat Hy wil hê dat ek volkome heel moet wees: verstand, siel, liggaam en gees. Here Jesus, ek vra dat U sal terugstap, elke sekonde van my lewe en dat U my sal genees en my heel sal maak. Ek vra dat U tot in die derde en vierde geslag sal teruggaan en alle skadelike genetiese verbintnisse sal verbreek.

Jesus, U het my geken nog **voor my geboorte**. Dankie dat U daar was toe my lewe begin het. Bevry my van vrees of enige ander negatiewe magte wat aan my in die moederskoot oorgedra kon word. Dankie, Here Jesus, dat U daar was toe ek gebore is, en dat U my liefhet. (Sommige is in hierdie wêreld gebore, ongewens en onbemind – hulle het soveel vewerping ervaar. Here Jesus, vul almal, vanaf die eerste oomblik met U kosbare liefde.)

Here, stap terug deur elke sekonde gedurende daardie **eerste jare** van my lewe. (Sommige is van hul ouers geskei deur siekte of dood, ander is in families gebore waar hulle nie die nodige liefde ontvang het nie.) Here Jesus, gaan terug en vul en vul elke leemte en gee die liefde wat nooit ontvang is nie. Verwyder elke seerplek, elke gevoel van verwerping. Verwyder alle **vrees**: vrees vir die donker, vrees vir val, vrees vir diere, vrees om te verdwaal. Ek dank U Jesus dat U my bevry en my gees.

Ek bid Here dat U my hand sal vat, teruggaan in tyd en saam met my **skool** toe sal stap. Somtyds was ek so skaam en bang om die huis te verlaat en nuwe situasies die hoof te bied. Jesus daar was tye dat ek bang was vir mislukking op skool, sal U my verlos van daardie herinneringe? Wanneer 'n onderwyser op my geskel het, of klasmaats my seergemaak het, genees asseblief daardie seer.

Sommige vrese het gedurende daardie **eerste skooljaar** ontstaan: vrees om in die openbaar te praat, vrees vir mislukking. Dankie dat U daarkie seerplekke genees en my van die vrese bevry. Ek dank en prys U.

Here Jesus, ek dank U vir my **ma**. (Vir hulle wat nie die liefde van 'n moeder geken het nie, vul daardie leemte en gee hulle die nodige liefde) Ek vra dat U tussen my en my ma sal staan en dat U Goddelike liefde tussen ons sal vloei. Ek vra vergifnis vir my ma, vir enige manier waarop ek haar kon seermaak of haar kon gefaal het. Ek vergewe haar vir enige manier waarop sy my sou seermaak of faal.

Here Jesus, dankie vir my **pa**. (Vir die wat nie die liefde van 'n aardse vader kon ervaar nie, skenk hulle al die liefde wat hulle nooit ontvang het nie.) Staan tussen my en my pa. Ek bid dat U Goddelike liefde elke gebroke verhouding sal heel. Ek vra vergifnis vir my pa, vir enige manier waarop ek hom kon seermaak of faal. Ek vergewe hom vir enige manier waarop hy my skon seermaak of faal.

Ek lig my **broers en susters** op na U. Waar daar enige kompetisie, jaloesie of bitterheid was, vra ek dat U genesende krag en liefde elke gebroke verhouding sal heel.

Ek vergewe elke broer en suster wat my seergemaak of gefaal het, ook vra ek hulle vergifnis waar ek hulle seergemaak of gefaal het.

Dankie Here, dat U ook daar was gedurende my **tienerjare** en toe ek in Hoërskool was. Daar was nuwe emosies en vrese. Soos ek elke pynlike herinnering terugroep, vra ek dat U die pyn sal verwyder en my genees. Ek dank U vir U beskermende Hand, toe ek gevaarlike dinge aangevang het. Verwyder enige gevoel van vernedering, verleentheid, skuld, vrees of mislukking. (Sommige is geterg as gevolg van ras, voorkoms, liggaamsbou, of armoede en is diep gewond.) Wys my dat U my liefgehad het en dat U daar was in elke situasie. (Vir die jongmense wat met dwelmmiddels ge-eksperimenteer en daardeur hul verstand benewel het, Here Jesus ons bid dat U die skade sal herstel. Laat hulle weer helder dink en skenk hulle U genesing. Laat ook elkeen van hulle beseft dat U hulle liefhet en dat U die verlede kan uitwis.)

Soos elkeen van ons begin het om die **huis te verlaat**, was daar nuwe vrese, frustrasies of hartseer. (Sommige wou verder gaan studeer, maar kon nie.

Ander kon nie gaan studeer in die rigting waarvan hulle altyd gedroom het nie, hulle was so teleurgesteld.) Jesus genees elke teleurstelling en al die hartseer.

Dankie dat U daar was toe ons **getroud** is. (Vir sommige was dit 'n pragtige begin, vir ander 'n nagmerrie.) Jesus, verwyder asseblief enige seer. Ek bid dat U tussen my en my maat sal staan en elke seerkry sal genees. Ek vra my maat om vergifnis vir die kere wat ek hom/haar seergemaak het en ek vergewe hom/haar vir die kere wat hy/sy my leed aangedoen het. Here Jesus, deur U Goddelike liefde, dank ek U dat U elke stukkende verhouding herstel en al die seer wegneem. (Waar daar bitterheid en eensaamheid was, neem al die negatiewe gevoelens weg. Genees die diep wonde en wis die pynlike herinneringe uit. Jesus, vul elke maat met U vergifnis, U liefde en genesende krag.

Dankie Here vir **my kinders**. Verwyder elke gevoel van mislukking en skuld wat ek as ouer het. Die kere wat ek onoordeelkundig gestraf het, ek te besitlik was met my liefde, of woorde van kritiek en in woede gesê het, bid ek dat U enige skade sal herstel. Ek vra hulle vergifnis en vergewe hulle die hartseer wat hulle my besorg het.

Here, ek dank U dat U daar was gedurende **ongelukke, siekte en operasies**. Ek vra dat U nou die gruwelikheid, die vrees en herinneringe van die pyn sal wegneem. Verlos my van die trauma wat ek ervaar het. Dankie dat U daar was in tye van smart, dat U my hand geneem en saam met my deur die vallei gestap het. Dankie dat U die las verlig het, die hartseer, pyn en rou weggeneem het. Dankie dat U my U vreugde en vrede geskenk het.

Here Jesus, dankie dat U nou teruggestap het deur elke sekonde van my lewe tot op hierdie oomblik. Dankie dat U my genees het van al my hartseer, vrese, pynlike herinneringe, my skuldgevoel en dat U my daarvan verlos het. Dankie dat U my met U liefde vul. Help my om myself lief te hê. Help my om U lief te hê soos ek moet. Ek dank U dat U in die donkerste hoekies van my verstand ingaan en my reinig.

Dankie dat U my verstand, my emosies en my herinneringe genees. Dankie, Jesus, dat U my weer heel maak. Ek gee U al die lof en die eer.

AMEN.

[Sien ook Petisie vir Ontmoeting van Basiese Behoeftes, beskikbaar in Petisie Boek.]

11.1 GEBED OM GODDELOSE SIELSVARBINTENISSE AF TE SNY

GEBED A

Vader, in die Naam van Jesus Christus en met die gesag wat ek as 'n gelowige besit, vra ek U om enige en alle **goddelose sielsverbintenisse** met my man/vrou (of enige iemand anders met wie ek intiem verkeer het) af te sny.

Ek vra U om enige en alle **verhoudinge** te verbreek wat tussen ons bevestig is deur satan en sy bose geeste. Ek vra dat die Heilige Gees daardie verhoudings weer sal opbou asook die verbondsbande van my huwelik bevestig ooreenkomstig U **perfekte Wil**.

Ek vra U om geheel en al daardie verhoudings te **rienig** met die Bloed van Jesus Christus van alle sonde en demoniese toegang. Ek verklaar aan satan in die Naam van Jesus Christus dat hy geen meer toegang tot my liggaam, siel of gees deur daardie verbintenisse het nie, en daardie deure is **toe en verseël** met die Bloed van die Lam!

Ek verklaar ook aan satan in die gesagsnaam van Jesus Christus dat hy nou ook geen mag oor my Kinders het nie. Alle toegang tot my Kinders deur hierdie sielsverbintenisse is nou afgesny deur die Krag van God en ek bring die volle Krag van die Kruis, die Bloed, die opstanding en die Hemelvaart van Jesus Christus teen satan se planne en strategieë vir my en my gesin. In Jesus se Kragtige Naam,

AMEN.

[Sien ook Petisie teen Goddelose Sielverbintenisse, beskikbaar by Kanaan Bedieninge.]

11.2 GEBED OM GODDELOSE SIELSVERBINTENISSE AF TE SNY

GEBED B

Vader, in die Naam van Jesus, onderwerp ek my siel, my begeertes en my emosies aan U Heilige Gees. Ek bely al my losbandigheid, voorhuwelikse seks, en alle buite-huwelikse seksuele verhoudinge as sonde. Ek bely al my goddelose gees-, siel- en liggaamskoppeling as sonde, Ek dank U dat U my nou vergewe en reinig met die Bloed van Jesus.

Vader, dankie dat U aan my die sleutels van U Koningryk gegee het, die sleutels van geestelike gesag. Wat ek volgens U Wil bind op aarde word gebind en wat ek losmaak word losgemaak.

In die Naam van Jesus vra ek U om my los te maak van alle sielsverbintenisse met vorige seksmaats en goddelose verhoudinge.

Ontwortel asseblief all tentakels van seksuele slawerny of emosionele verlange en afhanklikheid asook alle verlawende gedagtes. Ek bind, verloën en weerstaan alle bose geeste wat hierdie sielsverbintenisse versterk of wat aan my oorgedra is deur al my bose assosiasies. Reinig my siel asseblief en help my om alle onwettige eenwordinge te vergeet sodat ek vry kan wees om my siel volkome aan U en my huweliksmaat te gee.

Vader, ek ontvang U vergifnis vir al my seksuele sondes uit my verlede. Ek glo dat ek volkome vergewe is. Dankie dat U my sondes nie meer onthou nie. Dankie dat U my reinig van alle ongeregtheid.

